7 Junie 2020

# PRAKTIESE WYSHEID

VIR KLEINGROEPE

# Genesis 1: 1 – 2: 4a

## ons storie
ysbreker

Beantwoord een van die vrae oor jou week: Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom? Waarvoor is jy dankbaar en wat was vir jou moeilik? Waar het jy God aan die werk gesien?

Dink aan die skepping en beskryf die mooiste plek wat jy al gesien het.

## word stil

Lees Psalm 8 as 'n gebed

Dink na oor God se skepping en jou plek daarin.

## GOD se storie
wat sê die Bybel

Lees saam
**Genesis 1: 1 – 2: 4a**

As daar tyd is,
kan elkeen dit daarna
weer op sy/haar eie tyd lees.

## GOD se storie
gesels hieroor na

- Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het.
- Gesels oor hierdie gedagte: Genesis 1 is tekens van God se bemoeienis en sorg en dat Hy nooit die werke van sy hande laat vaar nie.
- In die teks beleef ons iets van God se grootheid. Wat doen God se grootheid aan jou?

nous
praktiese wysheid...

- Hoe sal jy die grootheid van God in jou eie woorde beskryf?
- Op watter maniere bevestig Genesis 1 vir ons dat die mens belangrik is? Hoekom is dit betekenisvol?
- Op watter maniere gee die verhaal vir ons troos vir moeilike tye?
- Skryf as groep 'n geloofsbelydenis op grond van hierdie teks. (Gebruik dit in die komende week as 'n gebed vir elke dag en gee volgende keer terugvoer van julle belewenis)

## ons nuwe storie

**Hoe ons nuut dink, doen en leef in die wêreld rondom ons.**
**Verder en Voor:**

Dis duidelik in die teks dat God vreugde vind in God se skeppingswerk. Waartoe roep dit ons op?

## na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is:

- Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.
- Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

## bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid? Dit sal goed wees as julle 'n gebedsjoernaal kan begin waarin julle gebedsversoeke kan neerskryf.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het. Hoe en waar het jy die afgelope week vir God beleef?



**Dank God daarvoor.**